

Verstedeliking: 'n geleentheid vir informele sektor

prof Sampie Terreblanche, Departement Ekonomie, Universiteit Stellenbosch

Die einde van die 20ste eeu word oor 'n skrale 15 jaar 'n werklikheid. Die grootste uitdaging waarmee ons land in hierdie tydperk te kampe sal hê, sal die enorme bevolkingsverskuiwings wees vanweë die verdraagde proses van Swart verstedeliking.

In 1980 het byna die helfte, of 10 miljoen, van die Swart bevolking buite die onafhanklike en selfregerende Nasionale State gewoon, terwyl byna 5,5 miljoen in stedelike gebiede in sg. "Blanke" Suid-Afrika gevestig was.

Volgens internasionale standaarde was die vlak van Swart verstedeliking betreklik laag, hoofsaaklik as gevolg van die Regering se beleid van instromingsbeheer. Tans is minder as 40 persent van die totale Swart bevolking verstedelik. Hiervan woon sowat een kwart in "Blanke" stedelike gebiede.

Na verwagting sal die totale Swart bevolking (insluitende die onafhanklike Nasionale State) teen die jaar 2000 tot 35 miljoen toeneem. Die vermoë van die Nasionale State - sowel in hul

stedelike as nie-stedelike gebiede - om veel meer as 10 miljoen mense teen 'n bevredigende lewenstandaard te onderhou, skyn baie onwaarskynlik te wees, selfs al sou daar 'n redelike mate van sukses met desentralisasie behaal word.

Gevolgtrek sal minstens 20 miljoen Swartes na alle waarskynlikheid teen die jaar 2000 buite die Nasionale State woon waarvan tussen 15 en 18 miljoen hulle waarskynlik in "Blanke" stedelike gebiede sal vestig. Die Swart bevolking van die vier metropolitaanse gebiede kan moontlik teen die jaar 2000 van 5,4 miljoen tot meer as 16 miljoen toeneem (sien Tabel 1).

WERKSOEKERS

As mens die vraag en aanbod van arbeid in 1980 met die verwagte stand van die arbeidsmark teen die jaar 2000 vergelyk, is die vooruitsig ontstellend. In 1980 kon slegs sowat 7,5 miljoen werksoekers in die moderne sektor van

die ekonomie geholpe raak. Die totale werkerskorps was destyds 10,5.

Drie miljoen werksoekers kon dus nie in 1980 in die moderne sektor geakkommodeer word nie. Die meeste van hulle was Swartes. Hulle kon dus nie anders nie as om hul brood in the sg. randsektore van die ekonomie te "verdien", d.w.s. in die bestaansektor van die Nasionale State, en in die informele sektor, hoofsaaklik in en rondom stedelike gebiede. Hierdie werksoekers was egter nie in die tradisionele sin van die woord werkloos nie, maar wel onder-indiens-geneem d.w.s. gedeeltelik of marginaal werksaam teen baie lae vlakke van meetbare produktiwiteit. Hierdie bedrywighede in die randsektore was nietemin vir die betrokke gesinne i.t.v. welvaart baie belangrik.

Daar word geraam dat die totale werkerskorps teen die jaar 2000 tot 18 miljoen sal aangroei. As Suid-Afrika daarin kan slaag om 'n ekonomiese groei koers van 3,2 persent per jaar te handhaaf, kan die vraag na arbeid in die moderne sektor ongeveer 10 miljoen wees.

Dit beteken dat ten minste 8 miljoen potensiële werksoekers dus vir hulself en hul gesinne in die randsektore 'n bestaan moet "kan maak". Daar word verwag dat minstens 3 miljoen van hierdie groep (waarvan die meeste Swart sal wees) hulle en hul gesinne se brood in die informele sektor in the "Blanke" stedelike gebiede sal "verdien".

Byna 40 persent (of tussen 7 en 8 miljoen) van die Swartes wat in "Blanke" stedelike gebiede woon, sal dus nie onderhou word deur inkomste wat regstreeks in die moderne sektor van die ekonomie verdien is nie. Dit sou dus nodig wees om miljoene Swartes toe te laat om na die "Blanke" stedelike gebiede te migreer om hulle wettig daar te vestig, alhoewel hulle moontlik nooit 'n permanente werk of baksteenhuus sal besit nie.

Voorstanders van instromingsbeheer redeneer dikwels dat Swart verstedeliking bloot 'n verskuiwing van armoede van die Nasionale State na die stedelike gebiede sal beteken. In soverre verstedeliking nie 'n wondermiddel is om armoede uit te wis nie, kan die argument miskien geldig wees. Maar dit moet nog bewys word. In elke

(vervolg op bladsy 10)

Tabel 1

Skatting van die groei in die bevolking van die vier vernaamste metropolitaanse gebiede van S A: 1980 - 2000

Streek	Groep	Bevolking ('000)	
		1980	2000
PWV	Totaal	5 908	14 079
	Swartes	3 782	11 461
	Blankes	1 842	2 203
	Kleurlinge	185	279
	Asiate	99	136
Durban/ Pinetown	Totaal	1 999	4 528
	Swartes	1 108	3 356
	Blankes	330	395
	Kleurlinge	56	83
	Asiate	505	694
Kaapse metropos	Totaal	1 790	2 817
	Swartes	213	645
	Blankes	582	696
	Kleurlinge	977	1 451
	Asiate	18	25
Port Elizabeth/ Uitenhage	Totaal	697	1 511
	Swartes	343	1 039
	Blankes	185	221
	Kleurlinge	162	241
	Asiate	7	10
Vier gebiede saam	Totaal	10 394	22 935
	Swartes	5 446	16 501
	Blankes	2 939	3 515
	Kleurlinge	1 380	2 054
	Asiate	629	865

“Waar sal Swart armoede die draaglikste wees? — in die stedelike en landelike gebied van die Nasionale State of in die ‘Blanke’ stedelike gebiede.”

(vervolg van bladsy 9)

mark-georiënteerde land in die wêreld het die sakegemeenskap 'n groot aandeel in die algemene welvaart, die lewenstandaarde en die koopkrag van die gemeenskap as geheel.

In Suid-Afrika het ons die ongelukkige stand van sake dat minstens 50 persent van die Swartes onder die broodlyn lewe. Tot op hede was die grootste gedeelte van hierdie armoede in die Nasionale State (d.w.s. uit die oog en miskien ook uit die hart). Verstedeliking gaan hierdie armoede op ons drum-pels plaas... en dan sal ons hopelik daarvan moet kennis neem. Die toenemende getal arm stedelinge sal ook in die sakegemeenskap se invloedseer wees. Die algemene welvaart, die lewenstandaarde en die koopkrag van die armes sal die sakegeleenthede van die sakegemeenskap regstreeks raak.

DRAAGLIKE ARMOEDE

Die belangrike vraag is: waar sal Swart armoede die draaglikste wees? — in die stedelike en landelike gebiede van die Nasionale State of in die “Blanke” stedelike gebiede? Daar kan geen twyfel oor die antwoord wees nie. Daar kan veel groter welsyn in die informele sektor van die “Blanke” stedelike gebiede “geskep” word as wat in die Nasionale State moontlik is.

Die rede is dat 'n informele sektor in die “Blanke” stedelike gebiede 'n veel groter “groei”-potensiaal het. Dit stel mense in staat om hul eie onderhoud of welvaart te skep. Die graad van “onderbesetheid” en die lewensgehalte wat daardeur geskep word, is potensieel veel groter naby 'n moderne stedelike sektor as in die Nasionale State. Die nodige skakelings hang af van die nabyheid van die moderne sektor en van groot stedelike konsentrasies. Vir bedrywigheid in die informele sektor is 'n sterk ekonomiese basis in sy omgewing nodig om op te leer.

Betekenisvolle bedrywigheide in die informele sektor in die Nasionale State is net moontlik naby Pretoria, Durban en Oos-Londen. Die res van die informele sektor sal hoofsaaklik in die vier metropolitaanse gebiede moet ontplooi.

Die staat en die sakegemeenskap sal in die toekoms al hoe meer kennis moet neem van die kwessies van welvaart of die gehalte van lewe - of,

om dit anders te stel - die gehalte van armoede, onder die Swart bevolking.

DERDE WÊRELD

As ons regtig Swart armoede wil verlig, sal ons na ekonomiese bedrywigheide moet kyk wat versoenbaar is met ons groeiende Derde Wêreld-situasie. Die groeipotensiaal vir die volgende 5 jaar in die moderne sektor lyk nie te rooskleurig nie. Met die kwaai en selfs toenemende druk op die betalingsbalans, sal dit baie moeilik wees om 'n groeiakoers van 3% of selfs 2% in die volgende vyf tot tien jaar te handhaaf.

As ons wil hê dat die onvernadelike Swart verstedeliking ordelik moet verloop, is drie nuwe beleidsrigtings of strategieë nodig:

- 'n nuwe stedelike beleid in die “Blanke” stedelike gebiede, insluitende 'n nuwe behuisingstrategie.
- 'n progressiewe verslapping en uiteindelijke afskaffing van instrumingsbeheer.
- 'n aggressiewe program vir gesinsbeplanning.

Wat die onmiddellike toekoms betref, sal die eerste van hierdie rigtings die belangrikste wees om die nodige patroon vir toekomstige ontwikkeling vas te lê.

NUWE BELEID

Die vraag kan gestel word waarom 'n nuwe stedelike beleid nodig is. Wat Suid-Afrika nodig het, is 'n tweeledige stedelike beleid - een vir die moderne deel en 'n ander vir die informele deel van die “Blanke” stedelike gebiede. Een stedelike beleid is nodig vir dorpsgebiede waar die inwoners hoofsaaklik in die moderne sektor werk, en 'n ander vir dorpsgebiede wat hul eie informele sektor of ondergrondse ekonomie bedryf. Kom ons noem hulle onderskeidelik die “helder” (moderne) en “grys” (informele) dele van die stedelike gebiede.

Die implikasies van so 'n tweeledige stedelike strategie reik baie verder as wat die meeste mense beseef. In die “helder” gebiede sal Westerse reëls en regulasies (hopelik in gewysigde vorm) nog altyd toegepas kan word, terwyl dit in die “grys” gedeeltes feitlik heeltemal afgeskaf sal moet word om

lebensraum te skep waarin die informele sektor van alle bevolkingsgroepe kan ontwikkel. In die “helder” gebiede is 'n beheerde markeconomie noodsaaklik terwyl 'n feitlik ongebreidelde laissez-faire-beleid in die “grys” gebiede wenslik is. In die “helder” gebiede sal die Europese model nagevolg kan word, maar in die “grys” gebiede sal dit nodig wees om mense van alle bevolkingsgroepe toe te laat om sonder die tradisionele beheer, rompslomp en burokrasie van die moderne sektor hul gang te gaan.

In die “helder” gebiede kan ons voortgaan om gewone baksteenhuise op te rig - maar hopelik baie minder uitspattig. In die “grys” gebiede moet die staat net basiese minimum gemeenskapsfasiliteite voorsien om te waarborg dat plakkerskampe nie in chaos ontaard nie. Selfopgerigte “huise” met hul eie “sweet-insette” is miskien die belangrikste “groeynwyheid” in die informele sektor. In plaas van gesubsidieerde “vuurhoutjiedosie”-huise op te rig, kan dit baie meer funksioneel vir bedrywigheide in die informele sektor wees om Swartes te voorsien van maklike lenings van R100 tot R500 waarmee hulle die nodige “boumateriaal” sal kan koop by depot's wat vir daardie doel opgerig moet word.

Die standplase (perseel en diens) en die ander ontwikkelings in Khayelitsha lyk baie belowend. Wat daar gebeur het, kan die patroon word vir ordelike Swart verstedeliking in die jare wat voorlê.

Gegee die feit dat 50 persent of meer van die Swart werkerskorps buite die tuislande teen die jaar 2000 hul brood in die informele sektore sal moet “verdien”, word ons voor die uitdaging gestel om twee heeltemal verskillende soorte ekonomieë (parallel) te ontwikkel: 'n moderne of formele sektor enersyds en 'n informele sektor-ekonomie andersyds. Die verhouding tussen hierdie twee sektore hang baie van die moderne sakesektor se gesindhede af.

As die tempo's van bevolkingsaanwas in ag geneem word, is dit waarskynlik billik om te beweer dat die twee nooit bymekaar sal uitkom nie, omdat ons altyd twee verskillende soorte ekonomieë sal hê. Ons sal deels Eerste Wêreld en deels Derde Wêreld bly - en die relatiewe grootte van die

"Elke sakeman moet probeer om simbiotiese verbandinge tussen die moderne en informele sektore tot stand te bring."

Tabel 2

Die vraag en aanbod van arbeid in Suid-Afrika: 1980 - 2000

	1980 milj.	2000 milj.
Die potensiële aanbod	10 794	17 918
Vraag in Moderne Sektor	7 538	9 983
Randsektore (bestaans- en informele sektor)	3 259	7 935
Randsektor as 'n % van potensiële aanbod	30	44

Derde Wêreld word al groter.

'n Deel van die informele sektore - die sogenaamde half-formele sektor - kan geleidelik met die moderne sektor geïntegreer word. Die Kleinsake-ontwikkelingskorporasie (KSOK) het baie goeie werk gedoen om klein bruggies te bou waarlangs die half-informele sektor na die moderne sektor kan "oorkom". Dis baie jammer dat die KSOK nie vyf of tien keer groter is en nie 30 jaar gelede tot stand gekom het nie. Maar die KSOK - of enigiemand anders - moet versigtig wees om nie te probeer om die ganse informele sektor te "formaliseer" nie.

Die twee soorte ekonomieë vul mekaar in 'n sekere mate aan, maar verkeer terselfdertyd ook in stryd met mekaar. Dit vul mekaar in dié mate aan dat die informele sektor op die moderne sektor teer. Dit kan nie bestaan, groei of gedy as dit nie in die omgewing van die verstedelike moderne sektor geleë is nie.

GEVESTIGDE BELANGE

Dit verkeer egter ook in konflik met die moderne sektor omdat dit ander reëls en gesindhede verg. As ons werklik met 'n beleid vorendag wil kom om 'n omgewing te skep wat bevorderlik is vir die ontwikkeling van die informele sektor, sal baie gevestigde belange in die moderne sektor in gevaar gestel word en baie soorte teenstand ontstaan. Die kenmerkende Eerste Wêreld-reëls en regulasies wat tans geld, is 'n vorm van strukturele apartheid - dit hou party mense "binne" en beskermd en ander "buite" en onbeskermd. Dit sal egter - ten minste in sekere gebiede - nie maklik wees om dié reëls en regulasies af te skaf nie.

Is dit moontlik dat die staat en die georganiseerde handel en nywerheid tot die uiterste sal gaan om 'n dubbele

stedelike stelsel en twee verskillende soorte ekonomieë te "skep"? Ek is nie baie optimisties hieroor nie.

Ek dink nie blanke Suid-Afrikaners is bereid of het die mentaliteit om die informele sektor toe te laat om ten volle te "ontwikkel" nie. Ons is te bourgeois om te besef hoe sinvol die geleentheid is wat vir Swartes (of diegene van enige bevolkingsgroep wat onderbeset is) in die informele sektor geskep kan word.

KOLONIAAL

Ons (die blanke Suid-Afrikaners) is enersyds te Brits, miskien te koloniaal. Ons wil die beheer oor soveel as moontlik behou. Andersyds is ons te Calvinisties ingestel, omdat ons daarvan hou om ons lewens so in te rig dat alles voorspelbaar is.

Hoewel die ontwikkeling van die informele sektor en deregulasie die afgelope jaar of twee baie gewild geword het, moet ek dit baie beslis stel dat daar maar min gedoen is om vir bedrywighede in die informele sektor meer lewensruimte te skep. En gegee die gevestigde belange en die tradisionele gesindhede sal dit nie maklik wees om omstandighede te skep wat bevorderlik is vir volledige ontwikkelinge in die formele sektor nie.

Die belangrikste bydrae wat die afgelope paar jaar gelewer is om ontwikkeling in die informele sektor te bevorder, is gelewer deur die Stedelike Stigting (wat huisvesting betref) en die KSOK wat onbesette fabrieksgeboue tot die beskikking van "entrepreneurs" in die informele sektor gestel het. Dié twee organisasies behoort veel meer te doen.

Wat deregulasie betref, is bitter min gedoen en na ek verneem is die besluite van nywerheidsrade steeds baie onsimpatiek jeens die behoeftes van die informele sektor. Gegee die bedrukte ekonomiese omstandighede, sal al dié mense wie se gevestigde

belange deur reëls en regulasies en ooreenkomste van nywerheidsrade beskerm word daarvan oortuig moet word dat hulle weer na die moontlikhede van dié informele sektor moet kyk.

'n Interessante vergelyking kan getref word tussen die huidige situasie van die moderne sektor en 'n ekonomie wat baie lank beskerming geniet het. Wanneer so 'n land op 'n vryhandelsbeleid besluit, sal die gevestigde belange wat agter die beskermende mure tot stand gekom het, in gevaar verkeer. Dis dikwels nie maklik om diegene met gevestigde belange in die instandhouding van beskermingsmaatreëls daarvan te oortuig dat die voordele van vryhandel op die lange duur meer sal wees as die onmiddellike skade wat die afskaffing van beskermingsmaatreëls kan meebring nie.

Dit is eweneens nodig dat georganiseerde handel en nywerheid, en diegene wat by die besluite van nywerheidsrade betrokke is, daarvan oortuig moet wees dat as daar geleentheid vir die informele sektor geskep sou word, selfs diegene wie se gevestigde belange 'n kort rukkie lank in gevaar sal verkeer, bevoordeel sal word deur die groter welvaart, die groter stabiliteit en die groter ongemete ekonomiese "groei" wat deur bedrywighede in die informele sektor teweeggebring gaan word.

In plaas van aan 'n konflikverhouding tussen die moderne en informele sektore te dink, moet elke sakeman liever probeer om munt te slaan uit die aanvullende verhouding wat daar tussen die twee sektore kan bestaan. Elke sakeman moet probeer om simbiotiese verhoudinge tussen die twee sektore tot stand te bring. ●

Hierdie artikel is in November as 'n toespraak tydens 'n seminar van Perspecta. Perspecta is 'n vennootskap van deskundiges wat as konsultante oor aktuele sake optree. Die vennote is proff. Sample Terreblanche, Departement Ekonomie, Willie Esterhuyse, Departement Filosofie, Julius Jeppe, Departement Ontwikkelingsadministrasie, almal van die Universiteit van Stellenbosch, en mnr. Otto Krause, bekende joernalis en kommentator. Hul volgende seminar handel oor Apartheid - Die Afskaffingsproses. Besonderhede kan by tel. 02231-72441 verkry word.